1980 slegs 0,009 persent van die skoolbevolking sal wees.*
Wat betref swaksiendheid is 'n geringe toename in die voorkomssyfer gevind. Voorts is gevind dat die persentasie meervoudiggestremde blinde kinders, en in besonder die persentasie verstandelik vertraagde blinde kinders, toegeneem het. Die persentasie verstandelik vertraagde blinde kinders van die totale blinde skoolbevolking het toegeneem van 25,2 persent in 1959 tot 35,2 persent in 1970. Die persentasie meervoudiggestremde blinde kinders (insluitende verstandelik vertraagdes) van die totale blinde skoolbevolking het toegeneem van 39,0 persent in 1959 tot 50,6 persent in 1970 (Great Britain, 1972, pp. 6-9). Volgens die 1970 sensusgegewens was die voorkomssyfer van blindheid in die *VSA* 0,021 persent van die *bevolking* (Hatfield, 1973, p. 72). Meervoudiggestremdheid onder blinde leerlinge in residensiële skole vir blindes het ook in hierdie land toegeneem (Briggs, 1974, p. 72).

## 1.3 BEGRIPSVERHELDERING

In die voorafgaande paragraaf is onder andere na blinde leerlinge, swaksiende leerlinge, gesigsgestremdes, verstandelik vertraagde leerlinge en meervoudiggestremdes verwys. Om moontlik verwarring te voorkom, is dit dan noodsaaklik dat die volgende begrippe nader omskryf sal word.

### 1.3.1 GESIGSGESTREMDES

In die eerste plek word die term *"gesigsgestremdes"* gebruik met verwysing na alle kinders (blindes en swaksiendes) wat weens 'n gesigsgebrek by wyse van spesiale onderwysmetodes en met behulp

---

*Vir 'n bespreking van hierdie tendens, kyk paragraaf 4.4.2.1.

